



Verdedigingspos en Uitkyk buite „District House”, die woonhuis vir belangrike militêre persoonlikhede.

fasiliteite in Pretoria-Wes minder genoegsaam geword het. 'n Hospitaal is aangebou vir die verpleging van die talle gevalle van malaria en influenza wat voorgekom het, 'n gimnasium wat vandag nog deur die S.A. Militêre Kollege as sodanig gebruik word, is opgerig, waar sosiale funksies en selfs kerkparades Sondae gehou is, en feitlik op elke gebied is daar voorsiening gemaak vir geboue. Geleidelik is baie van hierdie geboue verkoop aan die S.A.S. & Hawens, S.A. Polisie en die Gevangeniswese, talle ander is gesloop en die bruikbare materiaal gebruik vir die oprigting van geboue vir krygsgevangenes net na Wêreldoorlog I. Ander is gebruik om geboue by die Swartkop-lughawe op te rig. Al die geboue by Kwaggapoort is oorgeplaas na die Department van Publieke Werke, vir verkoping aan die S.A. Polisie. Van daardie geboue is vandag nog in gebruik.

ONTWIKKELING OP MILITÊRE GEBIED.

SOOOS reeds gemeld, was die „S.A. Garrison Institute” die eerste permanente gebou wat in 1902 opgerig was. Lord Kitchener, wie die besluit geneem het om die gebou op te rig, het dan ook die hoeksteen op 12 Junie 1902 gelê. Die fondse vir die gebou het gekom uit winste wat die militêre kantien gedurende die oorlog gemaak het; een kantien in Pretoria alleen het in 1902 die bedrag van £20,000 wat uit winste

bestaan het, besit en lord Kitchener het bereken dat, indien hy die globale bedrag tussen sy troepe sou verdeel, elke soldaat $3/4d$. sou kry. Hy het toe besluit om 'n groot stuk grond te koop en die klubgebou in die nabylig van 'n groot pan, wat gewemel het van wilde eende na die somer-reëns, op te rig. 'n Gedeelte van die gebou was gebruik vir die opberging van voedselvoorrade, en 'n ander vertrek, wat vandag gebruik word as 'n eetsaal, was gebruik as 'n kerk. Hierdie toestande het nog bestaan, toe die Britse troepe in 1914 vertrek het om deel te neem aan Wêreldoorlog I. Gedurende die oorlog was die Roberts Heights-gebied deels gebruik vir die internering van Duitse burgerlikes, en deels vir die opleiding van S.A. troepe wat aan die oorlog sou deelneem. Gedurende hierdie tydperk en selfs later ten tye van die griep epidemie van 1918, was gedeeltes van die gebou gebruik om die oorloop van pasiënte van die militêre hospitaal te huisves.

Gedurende Maart 1920, is die opleidingsinrigtings vanaf Bloemfontein en Potchefstroom in die Roberts Heights-gebied gekonsentreer. Teen hierdie tyd was die gebied reeds aan die Unieregering oorhandig. 'n Interessante staaltjie in verband met die oorhandiging word vandag nog deur sommige van die destydse lede van die Weermag vertel. Die afdeling wat agtergelaat was om die gebied te oorhandig, het bestaan uit drie senior onderoffisiere wat belas was met al die formaliteite, maar hulle het geen opdrag gehad wat betref die koopprys nie. Alles het voor die wind gegaan met die oorhandigingsproses totdat die kwessie van die koopsom te berde gebring is deur die Unieregering-vertegenwoordiger, mnr. Eddie Rooth, die voormalige militêre regsadviseur vir Pretoria. Ná 'n lang geredekawel is daar besluit dat, volgens Britse regsprosedure, daar wel op 'n koopsom besluit moet word om die Akte van Oorplasing geldig en wettig te maak. Dit word vertel dat een van die onderoffisiere uiteindelik gesê het: „Oh, well, Sir, . . . make it three beers”, en daar is vandag nog baie van die ou militêre persoonlikhede wat glo dat die S.A. Militêre Kolege geruil is vir drie bottels bier, of vir die bedrag van $1/6d$. Feit is egter dat die hele Roberts Heights-gebied, met al die geboue daarop na die Unieregering op 1 April 1921 as 'n gedenk oorgeplaas is. Wet 33/1922 maak voorsiening vir die oorhandiging aan die Departement van Publieke Werke, geboue ter waarde van £543,445 en paaie, omheining, watervoorsiening — en dreineringsinstallasies, voorrade en masjinerie ter waarde van £85,752, 'n totale bedrag van £539,197.

Ná die sentralisasie van die „S.A. Military Schools” in die gebied, het die ontwikkeling vinnig vooruitgegaan. Die S.A. Militêre Kolege word in 1923 gestig, met verskillende militêre takke vir opleiding, soos liggaams-opvoeding, wapenopleiding, en ander rigtings noodsaaklik vir die beroepsoldaat. Binne die kort bestek van 25 jaar het die kaal rotsagtige veld wat bedek was met rooigras, verander, eers in 'n tentdorp, toe barakke vir die Britse garnisoen (1902–1913) daarna 'n opleidingsentrum vir U.V.M.-troepe wat vir Oos-Afrika bestem was, en uiteindelik in 'n

geskiedkundige waarde, moes plek maak vir meer moderne en ruimer geboue om huisvesting aan die soldate te verskaf. As gevolg van hierdie skielike omskepping, het baie rekords en bronne van inligting wat hierdie oorsig sou vergemaklik het, verlore gegaan.

Sedert die oorlog egter, is daar snelle vordering gemaak op die gebied van die wetenskap in militêre opleiding en die tegniek het nie alleen ingrypende veranderings in militêre uitrusting teweeggebring nie, maar ook hervormings op die gebied van oorlogvoering moontlik gemaak, en hiervoor moes fasiliteite geskep word, geboue opgerig word en die algemene vooruitgang wat op Voortrekkerhoogte, veral gedurende die laaste tiental jare in hierdie opsig gemaak is, is in die ooglopend. Soos daar in ander lande wetenskaplike navorsing op groot skaal onderneem word, so sal daar op Voortrekkerhoogte verbeterings en belangrike nuwe toevoegings ongetwyfeld in die toekoms aangebring word.

BRONNE :

Pretoria and its Military Associations — Dr. Curson, Nongquai, September, 1942.
S.A. Militêre Kollege — 1947.

Verslae van die Departement van Verdediging UG 61 — UG 13.

Pretoria (1855–1955 — Artikel deur dr. Spies.
Staatskoerante en Goew. Kennisgewings.

J. C. D. LAMBRECHT.

PRETORIA SE EERSTE UNIEDAG

OP 31 MEI 1910 het die „Unieson” helder oor Pretoria opgekom. Die meeste Pretorianers was reeds vroeg op die been om die eerste dag van die nuwe staat te belewe. Talryke besoekers is deur die treine aangevoer en die hotelle was oorvol. Die strate was versier met vlae en erbeoë; alles het daar feestelik uitgesien.

Die eerste funksie dié oggend was ’n kinderfees by die dieretuin met ’n gekostumeerde kinderoptog en ander items, bygewoon deur die Burge-meester in amptelike hoedanigheid. Daarop volg om elfuur twee kerkdienste, soos ook elders oor die hele land. Dit was immers ’n dag van danksegging.

In die Grootkerk in Bosmanstraat (toe nog Kochstraat) het ds. H. S. Bosman ’n groot gehoor toegesprek, waaronder sewe nuwe ministers: genl. Hertzog, F. S. Malan, A. Fischer, De V. Graaff en ander — asook bekende figure soos genl. Beyers, genl. S. W. Burgers en verskeie diplomate. Die tema van die preek gaan oor die wêreldse gees wat in die politiek en die openbare lewe van die dag ingekom het. Daar word nie meer gevra na die geloof van die kandidaat vir die parlement nie. Die

predikant vind die onderwyswet bedenklik omdat godloënaars ook onderwysers kan word. Hy betreur die feit dat die naam van God nie in die Suid-Afrikawet voorkom nie.

'n Engelse diens is in die katedraal in Schoemanstraat gehou waar die nuwe Goewerneur-generaal, burggraaf Gladstone, met sy lyfwag, kleurvolle husare, asook verskeie ministers en ander hoogwaardigheidsbekleërs aanwesig was.

Daarop volg om twaalfuur die hoofseremonie, die insweringsplegtigheid in die Ou Goewermentsgebou. „Mooie Winterzon glinstert over Pretoria's te ruime Kerkplein. Voor 't Gouvernementsgebou staat sinds elf uur voormiddags 'n roerloos vierkant van roobaatjes, want 't is 31 Mei en om twaalf uur zal de Gouverneur-Generaal worden ingezworen". Aldus *De Volkstem*.

'n Skitterende prosessie volg die Goewerneur-generaal: die diplomatieke korps, kol. Beves, maj. Fitzgerald, lord Methuen, maj.-genl. Hodfield; daarna die regters: sir Henry de Villiers, sir James Rose Innis, sir William Solomon, sir Johannes Wessels, sir William Smith en regter Bristowe; daarna die Eerste Minister, gnl. Louis Botha, gevolg deur sy kabinet.

Binne in die saal, die Ou Raadsaal van die Republikeinse Volksraad, neem lord Gladstone die stoel van die speaker in. Daarop lees Stanley, sy Privaat Sekretaris, die aanstelling van lord Gladstone as Goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika voor, wat deur Fockens, Sekretaris van die Eerste Minister, in Hollands herhaal word.

Hoofregter sir Henry de Villiers neem daarop die plek van die Klerk van die Huis in en beëdig lord Gladstone. Laasgenoemde lê twee ede af; eers sweer hy trou aan die Koning van Engeland en vervolgens getrouheid as Goewerneur-generaal. Hierna oorhandig hy 'n koevert aan genl. Louis Botha wat dit net oopmaak en dan teruggee, en daaruit lees die Goewerneur-generaal toe die name van die nuwe ministers af wat een na die ander die eed aflê. Hulle is: genl. Louis Botha, Eerste Minister; genl. J. C. Smuts, Minister van Binnelandse Sake; J. W. Sauer, Minister van Spoorweë; genl. J. B. M. Hertzog, Minister van Justisie; F. S. Malan, Minister van Onderwys; H. C. Hull, Minister van Finansies; A. Fischer, Minister van Lande; H. Burton, Minister van Naturelle Sake; C. O'Grady Gubbins, Minister sonder Portefeulje; F. R. Moor, Minister van Handel; P. D. de V. Graaff, Minister van Pos- en Telegraafwese en Openbare Werke. Een na die ander kom hulle by die aflees van hulle name na vore en word beëdig.

Hiermee is die plegtigheid afgelopen. Die Unie van Suid-Afrika het nou 'n regering en het daarmee in werklikheid tot stand gekom.

Daardie middag is 'n atletiekbyeenkoms met fietsreisies op die Caledonian-terrein gehou en die aand is die feesdag met vuurwerk afgesluit.

„Zuid-Afrika is verenigd. 't Is nog als 'n droom," aldus *De Volkstem*.

Oor die algemeen het die pers die dag en die gebeurtenis toegejuig. „Feeling everywhere is one of thoughtfulness and rejoicing for a national foundationstone well and truly laid,” so lui die *Star* se kommentaar. Die Londense *Times* noem dit „a day of high hopes and enobling memories, a day of peace and union, hallowed by the sufferings and sacrifices of the past.”

Allerlei boodskappe en terugblikke word gepubliseer. Genl. Botha se boodskap lui: „Harten zoowel als landen moeten verenigd worden.” Genl. Schalk Burgers voel asof hy op ’n bergpunt staan en die hele vlakte van die verlede kan oorsien, die verlede met al sy swaar, smart en bitterheid wat nou oorwin is. Hy meen dié dag is ’n bewys dat die offers van die verlede nie tevergeefs was nie. Hy wys egter op probleme wat nog onopgelos is: die Protektorate moet nog ingelyf word, ’n uniforme onderwysstelsel is noodsaaklik, die verdeelde hoofstadstelsel sal moet gewysig word, die naturellevraagstuk sal moet opgelos word. Gelukwensings van verskeie state uit die Gemenebes, asook van ander buitelandse offisiële instansies, word gepubliseer. Die laaste boodskap van pres. Kruger word weer eens afgedruk. En dan ’n gedig van Jan F. E. Celliers: „Hier is my hart en hier my hand, neef Brit . . .”

F. J. DU T. SPIES.

DIE UNIEGEBOU

MET die oprigting van die Uniegebou in Pretoria is ’n nuwe mylpaal in die ontwikkeling van die boukuns in ons land bereik. Die gebou is die meesterstuk van sir Herbert Baker wat, hoewel Engelsman van geboorte, deur bemiddeling van Cecil Rhodes lank genoeg in ons land vertoef het om deeglik bekend te raak met ons tradisionele boustyl en met ons besondere klimaats- en maatskaplike omstandighede. Toe hy dus die opdrag kry om die Uniegebou te ontwerp, was dit nie ’n geval van ’n vreemdeling wat van buite ingeroep word om hierdie belangrike werk te doen nie. Om hom daarmee te help, het hy ’n bekwame personeel van jong argitekte opgebou waaronder daar gebore Suid-Afrikaners soos dr. Gordon Leith en mnr. V. S. Rees-Poole was.

Baker was ’n goed-onderlegde student van die Griekse en Romeinse boukuns sowel as ’n baie bekwame argitek, en met die vrye keuse wat aan hom verleen is in die ontwerp van die gebou het hy dan ook iets voortgebring wat as die kroon op sy studie en ervaring beskou kan word. Die ontwerp en beplanning van die gebou is monumentaal en klassiek-Renaissance van karakter met ’n Kaaps-Hollandse geur in die besonder-

hede, veral van deure en sommige vensters. As 'n mens die gebou moet verbind aan wat daar in Europa aan dergelike geboue te sien is, dan sou 'n mens sê dat dit aan die Italiaanse paleise herinner; daar is definitief iets te bespeur van die argitektuur van die Middellandse Seekus, en waar ons klimaat en landskap nogal heelwat ooreenkoms met dié van laasgenoemde besit, was dit dan ook in dié opsig paslik dat die Uniegebou so'n Suid-Europese stempel sou dra.

Mnr. Rees-Poole verstrek 'n paar interessante feite in verband met die Uniegebou. Hy sê dat aan Baker vrye keuse van terrein toegestaan is, en dat hy ernstige oorweging aan twee persele geskenk het. Die een was die Muckleneukheuvel en die ander Meintjeskop. Eersgenoemde sou 'n noordelike en dus sonnige vooraansig aan die gebou gegee het, want die plasing daarvan sou bo-op die heuvel gewees het, met die uitsig oor die stad. Die uitsig vanaf Meintjeskop oor die stad is in suidelike rigting, en as die gebou daar geplaas word, sou die vooraansig daarvan immer in die skaduwee wees. Baker was baie besorg hieroor want hy wou natuurlik baie graag die sonlig op sy gebou se hoofaansig sien val. Die veel meer indrukwekkende ligging van Meintjeskop het egter die deurslag gegee.

Halfpad teen die heuvel was ook 'n natuurlike platform wat byna soos 'n Akropolis oor die stad uitgestaan het, en daarop wou Baker graag sy meesterstuk sien verrys. Die fatsoen van die platform het 'n gebou met sy lengte van oos na wes voorgeskryf in die middel waarvan Baker graag 'n amfiteater wou beplan. Aan weerskante hiervan het hy toe 'n toring geplaas waarmee hy die twee hoofbestanddele van ons volk — Afrikaans- en Engelssprekend — wou simboliseer, met die verdere gedagte om in die middel, en hoër op teen die heuvel, 'n lae, maar fokale, gebou te plaas wat 'n biblioteek of gedenksaal kon wees. Hiermee wou Baker die samekoms van die twee rasse in die Unie van Suid-Afrika uitbeeld. Die fokale gebou is egter nooit opgerig nie, en dit is baie jammer, want nou sien ons vandag die sustertorings aan weerskante van die amfiteater en geen sterk element in die middel waarop die oog kan rus nie.

Daar is nogtans groot krag in die ontwerp van die amfiteater en die torings aan weerskante. Baker se idee om die kolonnade wat agter om die amfiteater loop, op 'n hoër vlak as die vloer van laasgenoemde te plaas, was 'n inspirasie. Dit het meegebring dat 'n halfronde trap en terrasse vanaf die amfiteatervloer moet uitklim na die kolonnadevlak, en skep die indruk van 'n Griekse teater wat ook so in 'n kom langs die hellings van 'n holronde heuvel uitgelê is. Met die plasing van die rostrum in die middel van die amfiteater het Baker in die vooruitsig gestel dat publieke samekomste daar sal plaasvind, soos trouens al dikwels die geval was. Vir hom was dit 'n aantreklike gedagte want in sy breë konsepie van die ontwerp was eerste en hoogste in sy gemoed altyd dat die gebou die volk moet dien en vir hulle die blywende teken van volkswaardigheid en eenheid moet wees. Hy het dus probeer uitvoer wat

Christopher Wren, die ontwerper van die St. Paulus-Katedraal, eenmaal gesê het: „Die boukuns het ’n staatkundige funksie; publieke geboue is die versiering van ’n land, hulle bevestig die bestaan van ’n volk, en trek mense en die nywerheid na daardie land. Hulle skep liefde by die volk vir hulle land, en hieruit word groot dade in die volksgeskiedenis gebore.”

Van ver gesien, is die uitstaande element van die gebou die rooi pannedak wat onafgebroke oor die hele lengte van 900 voet strek. Dit dien as band om die eenheid van die gebou te bewaar, en daaraan ’n horisontale voorkoms te gee. Op hierdie wyse behou Baker verband met die lang heuwel waarop die gebou staan. Sy ontwerp bots dus nie met die natuur nie, trouens dit pas so mooi daarby aan, ook wat die uitleg van terrasse en gebruikmaking van die val in die grond betref, dat hierin miskien die grootste meriete lê.

In hulle waardige eenvoud en krag besit die vier pawiljoene, wat aan die ente van die oos- en wesblokke vooruitstaan, byna ’n Griekse grootsheid. Die binneste twee staan net voor die twee torings waarmee hulle maklik ’n disharmonie kon uitgemaak het, maar so kunstig is die hand van Baker dat hy maar al te goed weet hoe om die verskillende elemente in sy ontwerp saam te snoer om ’n eenheid te vorm. Hy vermy betekenislose versiering aan die gebou en verkry sy effek met ’n sorgvuldige gebruikmaking van materiale en die val van sonlig en skaduwee op sy muurvlakke.

Dit kan met waarheid gesê word dat Baker sy hele konsepsie ondergeskik gemaak het aan ’n oorheersende idee, net soos Perikles wat met die beplanning van die Akropolis-heuwel van Athene die tema aan die Griekse volk wou voorhou dat die staat van goddelike oorsprong is en almal se respek en liefde moet verg.

A. L. MEIRING.

(Met erkenning aan: *Pretoria* (1855-1855), en daarin: *Stadsbeplanning en Boukuns in Pretoria: ’n Terugblik.*)

DIE PRETORIASE STADSAAL

DIE Nuwe Stadsaal van Pretoria is geleë tussen Paul Kruger-, Visagie-, Bosman en Minnaarstraat. As ’n mens dan nou van ’n nuwe stadsaal praat, word daar onmiddellik geïmpliseer dat daar ook ’n ou stadsaal moet wees. Hierdie ou stadsaal wat tans deur die Stadsraad van Pretoria gebruik word vir die doel van munisipale kantore, staan in Pretoriusstraat, tussen Andries- en van der Waltstraat. Die Nuwe Stadsaal is nog ’n betreklike jong gebou wat pas in die jaar 1935 in gebruik geneem is. Sedertdien het dit egter ’n onmisbare plek in die kulturele lewe van die



Die Stadsaal van Pretoria op Pretoriusplein.

Administratiewe hoofstad van die Unie van Suid-Afrika geword. Daar word simfoniekonserte uitgevoer, wêreldbekende sangers tree daar op en ander kulturele samekomste soos volkspele, kunswedstryde, ens., vind daar plaas.

DIE GROND WAAROP DIE STADSAAL OPPERIG IS.

DIE Nuwe Stadsaal is opgerig op die ou Pretoriusplein. Aan die ooste- sowel as aan die westekant van die plein was daar nog vier erwe, met ander woorde, Pretoriusplein het nie aan Paul Kruger- en Bosman- straat gegrens nie. Daar kan net terloops opgemerk word dat Paul Krugerstraat destyds bekend was as Markstraat. Die agt erfnummers is die volgende: 877, 878, 881 en 882, geleë aan Bosmanstraat; en 879, 880, 883 en 884, geleë aan Paul Krugerstraat. Pretoriusplein se nommer is 2537. Erwe 879 en 883 wat aan die oostekant van die plein gegrens het, is later met die plein gekonsolideer ten einde 'n groter oop ruimte te verkry.

Erwe 880 en 884, geleë aan Paul Krugerstraat is op Junie 1887 kragtens 'n besluit van die Volksraad aan die Ned. Herv. Gemeente van Pretoria toegestaan. Die voorwaarde was dat die eienaar 'n jaarlikse „recognitie” van 10/- Sterling aan die Regering moes betaal. Die Akte van Transport is op 3 September 1888 deur die President self onderteken.

Erwe 877, 878, 881 en 882, met ander woorde die vier erwe wat aan die westekant van Pretoriusplein geleë is, is kragtens 'n besluit van die Uitvoerende Raad gedateer 15 Augustus 1888, van die Goewerment aan 'n sekere Christiaan Pieter Pretorius van die distrik Standerton oorgedra. Die jaarlikse „recognitie” van 10/- was ook in hierdie geval betaalbaar en die Akte van Transport is ook deur die President persoonlik onderteken in 1895.

Artikel 436 van bogenoemde besluit wat op hierdie saak betrekking het, is heel interessant. Dit lui soos volg:—

„Aan die orde Minute R.8167/87 inhoudende Uitvoerende Raads Besluit Art. 506 dd. 30 November 1887 re aan-koop halve erf van den Heer Christiaan Pretorius gelegen aan het Kerkplein van Pretoria. De Uitvoerende Raad na alle omstandighede van deze saak in overweging genomen te hebben en gezien het antwoord van de Regering dd. 6.4.88 besluit de handeling van die Regering goed te keuren en met wyziging van het tweede gedeelte van genoemde Uitvoerende Raadsbesluit te bepalen dat die gezegde Christiaan Pretorius by het geven van Transport van gezegde halve erf sal ontvangen een som van £1,500 en 4 erven gelegen boven in het dorp by de aan te leggen plein en den Registrateur van Acten op te dragen Transport te ontvangen van het halve erf en tegeven van het 4 erven en Nos. 877, 878, 881 en 882 en den Ouditeur Generaal op te dragen die rekening te ouditeuren.”

Dit blyk dus uit bogenoemde dat Christiaan Pretorius 'n halwe erf, geleë aan die huidige Kerkplein, besit het. Hierdie halferf het hy aan die Goewerment oorgepra in ruil vir die vier erwe wat hierbo genoem is plus 'n bedrag van £1,500. Dit gee 'n mens ook 'n aanduiding van wat die waarde van grond in daardie jare in die sentrale gedeelte van die destydse Pretoria was. (Die halwe erf aan Kerkplein is destyds deur die regering aangekoop met die oog op die oprigting van die Tweede Ou Goewermentsgebou.—Red.)

Hierdie vier erwe asook die twee wat aan die Ned. Herv. Gemeente van Pretoria behoort het, is later (1909) weer aan die Goewerment van Transvaal oorgepra. Dit het toe die eiendom van die Regering gebly tot in 1917 toe al die erwe deur die Pretoriase plaaslike bestuur van die Regering verkry is, in ruil vir die Gedeelte 28 van die plaas „Pretoria Town and Townlands.” In 1931 is Pretoriusplein ook aan die Stadsraad oorgepra, in welke jaar die hoeksteen van die Nuwe Stadhuis ook gelê is.

DIE STADSAAL.

NA langdurige onderhandelings met die Provinsiale Administrasie ten opsigte van die finansiering van die oprigting van die stadsaal, is die gebou uiteindelik in 1935 teen 'n koste van nagenoeg £300,000 voltooi. Die aanlê van die tuine en andere items het 'n verdere bedrag van £33,000 geveerg. Die offisiële opening het op 6 Desember 1935 plaasgevind en is waargeneem deur sir Johannes Wessels. Die gebou is ontwerp deur 'n Pretoriase argitek, mnr. J. Lockwood Hall. Dit is interessant om te weet dat volgens die oorspronklike planne, voorgelê deur die argitek, die Stadhuis van buite heelwat anders vertoon het as wat dit tans daar uitsien. Daar was onder andere twee torings aan weerskante van die gebou. Daar is egter van die tweetoringgebou afgesien vanweë die ooreenstemming wat so'n ontwerp met dié van die Uniegebou sou gehad het. Derhalwe is daar vandag net een toring op die Stadhuis.

Ander persone wat direk met die oprigting van die gebou gemeoid was, was die volgende: mnre. T. Moore en D. S. Mann, bestekopmakers; mnr. J. J. de Jongh, Klerk van Werke; en mnr. J. A. Tilburg, raadgewende ingenieur. Die firma Campbell en Campbell van Pretoria was die bouaannemers van die fondament en die firma Clark en Downie was verantwoordelik vir die bogenoemde.

Met die ingebruikneming van die Stadsaal, het die Pretoriase Stadsraad uit die volgende persone bestaan: Burgemeester Ivan Solomon, onderburgemeester B. J. Swart, raadslede W. H. Atteridge, M. P. Atteridge (mev.), George H. Brink, J. J. Cooke, H. W. Dely, W. H. Hofmeyr, Frank Hopf, F. Walton Jameson, D. Junor, Theo. Lorentz, J. Patmore, S. Rutowitz, A. B. Sidey, A. Stuart, P. T. van der Walt en P. M. van Leer. Die Stadsklerk en Stadsingenieur was onderskeidelik mnre. M. G. Nicolson en G. Storrar.

Die Stadsaal is omring deur goedversorgde tuine. Aan die voorkant, dit wil sê die oostekant van die gebou, staan die indrukwekkende standbeelde van Andries en Marthinus Wessel Pretorius, die man na wie die stad vernoem is en die stigter daarvan, onderskeidelik.

Die gebou met sy toring verrys 155 voet bo die grond. Die fondament van grys graniet tot op die dekblad is eenvoudig gebou en die boonste gedeelte is in vry Renaissance-styl. Die dak is van teëls, volgens Italiaanse patroon en in Pretoria vervaardig. Aan die kant van die oostelike vleuel, is 'n wandelpad en dien as die hoofingang. Die ingang is in die boutrant van die Renaissance-tydperk met 'n voorkant van tien soliede granietpylers wat elk 32 voet hoog is. Dit bestaan uit ses segmente met 'n soliede kapiteel bo elkeen, alles met die hand gemaak. Op hierdie struktuur rus 'n massiewe kroonlids en lidswerk waarvan laasgenoemde deur mnr. Coert Steynberg van Pretoria uitgehou is volgens ontwerpe wat die vooruitgang van die stad voorstel sedert die vroegste tye, tot die huidige beskawing van vliegtuie en staalwerke.

Een van die merkwaardigste argitektoniese kenmerke van die gebou is die ontwerp van die toring wat saam met die hoofingang die indrukwekkende voorkant van die gebou vorm. Vanaf die toring, 155 voet hoog, kan 'n pragtige uitsig oor die stad en omliggende dele verkry word. In die kloktoring is die klokkespel en 'n horlosie. Die klokkespel wat uit 32 klokke bestaan, is deur mnr. George Heys, eienaar van Melrose-huis, geskenk. Die hele toring kan verlig word deur besonder sterk en bedekte elektriese ligte.

Die hoofsaal is 103 voet in die vierkant en bykans 50 voet hoog met 'n verhoog van 60 by 40 voet. Die dansvloer is van Lusanga-hout wat uit die Belgiese Kongo verkry is. Die hele saal word verlig deur een groot kandelaaier wat $3\frac{1}{2}$ ton weeg, ontwerp deur die argitek. Die lampe en die ligreflektors in die kandelaber is so aangebring dat dit 'n besondere ligverspreiding verskaf. Gekleurde gloeilampe van rooi, blou en groen is in die kandelaber aangebring en deur die hantering van 'n regulator kan byna enige tint verkry word. Wanneer 'n sterk lig verlang word, word gebruik gemaak van reflektors in die kandelaber wat spesiaal vir die doel ontwerp is. Die kandelaber self is van ru brons gemaak ten einde ligweerkaatsing in die sal te voorkom wanneer die filmprojektor in gebruik is. Die verbruik van elektriese stroom vir wit lig is 23.6 K.W. en 45 K.W. as die gekleurde lig daarby gebruik word. (Gewone gloeilamp ongeveer 60—75 W.)

Die groot orrel in die stadsaal word beskou as een van die belangrikste orrels in die wêreld omrede sy grootte, klank en verskeie kenmerke ten opsigte van kontrole.

Aangesien die argitek van die gebou en die orrelontwerper nou saamgewerk het, kan die orrel met reg as een van die besgeplaaste orrels bestempel word. Dit is ontwerp deur mnr. John Connell en vervaardig

deur die W.W. Kimball-maatskappy van Chicago. Daar is goed oor die sestienduiseid orrelpepe waarvan party honderd persent tin is. Die instrumet bevat meer as 'n honderdduiseid elektriese kontakte van verskillende soorte.

Die speeltafel is so ingerig met al sy kunstige geriewe, dat dit die orrel, ondanks sy enorme grootte, geredelik maklik hanteerbaar maak; daar is ongeveer honderd-ses-en-veertig registerknoppe, vier-en-vyftig komposisieknoppe by die klawers en nog agt algemene komposisieknoppe. Elkeen van hierdie meganiese middels op die speeltafel het sy eie doel.

Die firma Cooper Gill en Tomkins (Eiendoms) Beperk het die orrel opgerig. Dit is in ses vertrekke geplaas, waarvan vier bokant die podium-boog geleë is en twee aan weerskante van die verhoog. Die orrelkas en die rooster wat uit hout vervaardig is, is deur mnr. John Harcus gemaak na die ontwerp van die argitek.

Benewens die Stadsaal self en die Pretoriussaal huisves die gebou ook die ontvangkamers van die Burgemeester en Burgemeestersvrou, die raadsaal waarin die Stadsraad vergader, die kantore van die Stadsklerk en sy personeel en die munisipale kunsversameling.

BRONNE :

- (1) Landregister by die Akteskantoor te Pretoria ten opsigte van Erwe Nrs. 877—884 en 1273 geleë in Pretoria.
- (2) Aktes van Transporte Nrs. 4866, 4867, 4868 en 4869 van 1895.
- (3) Kroongrondbrief Nr. G.158/31.
- (4) Die gedrukte program van die verrigtinge tydens die opening van die Stadsaal (6 tot 10 Desember 1935) en 'n brosjure uitgegee tydens dieselfde geleentheid onder die titel „NUWE STADSAAI PRETORIA 1935”.
- (5) LANTERN, Jaargang 5 Nr. 2 (Okt. — Des. 1955).
- (6) „CENTENARY ALBUM, Pretoria's first century in illustration” uitgegee deur die Stadsraad van Pretoria — 1952.

W. J. ERASMUS.

BEKENDE HELDE-AKKER VAN SUID-AFRIKA

TEEN sononder op Saterdag, 30 Augustus 1958, was die aandag van die ganse Suid-Afrika by 'n ope graf onder die ranke sipresse van die Ou Begraafplaas in Pretoria; 'n klein groepie mense binne, 'n magtige skare buite en tienduiseid in stilte voor die radio oor ons wye land versprei.

Reeds enkele dae voor die begrafnis van wyle die Eerste Minister was dit bekend dat daar ná baie jare weer een van Suid-Afrika se groot seuns

ter ruste gelê sou word in die historiese dode-akker wat byna so oud is as Pretoria se eie 103 jaar.

Onwillekeurig het die gedagtes teruggegaan na daardie sombere Dingaansdag, vier-en-vyftig jaar gelede toe 'n bedroefde volk die stoflike oorskot van Paul Kruger van Kerkplein na hierdie selfde vredehof gevolg het.

Ook sy laaste trek was van Kaapstad tot hier in die stad waar hy sy lewenswerk lank verrig het. Sy skof was inderdaad nog veel langer: van die sneuspitse van Switserland, na die ou stamland Nederland; van Rotterdam oor die oseaan na die land van sy geboorte wat hy nie in die lewe meer mog sien nie.

„Ontvang de balling die na 't zwerven
Kom rusten in uw moederschoot
Al moest hij vriend en maagschap derven
Hij vind ze weder in den dood.”

So het 'n digter in 1904 Pretoria toegeroep.

MILNER

OR Transvaal het die skamele kleeft van die armoede nog gelê. Die wonde was nog rou in die oorrumpelde Boererepublieke. Die kille woord van Milner was wet en Boerehande wat Kruger na sy graf gedra het, was nog die hande van vreemdelinge in eie stad en land.

In hierdie kerkhof het Pretoria toe reeds sedert ruim veertig jaar sy dodes begrawe. Nie almal was volksfigure nie, sommige eenvoudige inwoners van die dorp wat ná 1855 aan die Apiesrivier gegroei het. Dit was die dorpsbegravingplaas, hoewel nie die eerste nie. (Die vroegste Voorrekkersgrawe het in Elandspoort gelê waar die spoorweg nou na Delagoabaai wegswaai.)

In 1861 het Carl F. Preller, een van die vroegste ingesetenes, die owerheid genader om 'n kerkhof aan te lê. Eers in 1868 is 'n vergadering van die publiek byeengeroep en 'n komitee gekies wat die Uitvoerende Raad genader het.

REGULASIES

EN van die lede was S. J. Meintjies (na wie Meintjieskop genoem is omdat dit vroeër sy grond was) en 'n ander was landdros William Skinner wat vandag in die kerkhof begrawe lê. Die regulasies vir die kerkhof is opgestel en in 1868 bekragtig. Dit sou twee blokke erwe met strate en al beslaan. Elke familie sou teen betaling van £5 'n perseel van 21 voet vierkant kon bekom.

Wie vandag deur die vredege stilte van die ou rusplaas wandel, bevind hom in geselskap van mense van uiteenlopende stand en ras wat deel gehad



Die Krugergrafte in die Ou Kerkhof.